CACHET APTEEK
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
# die WAPAD
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

JAARGANG XXXIV · NOMMER 21 · 21 SEPTEMBER 1979

# Oriëntering moet verander

**Sekere koshuise het tot nou toe nog nie die eerstejaars finaal onthef nie. Onbekende voorvalle waar die reëls met ontheffing oortree is, was daar defenitief.**

Vanuit Studenteraadsgeledere het daar reeds stemme opgegaan dat oriëntering behou moet word, maar dat die hele idee anders aangebied moet word. Dit moet meer interessant en lewendiger aangebied word, het mnr. Jan Botha, onder-voorsitter van die Studenteraad gesê.

Die Vise-rektor, prof. J.S. du Plessis, sê die finale ontheffing van eerstejaars kon baie vroeër in die jaar geskied.

Prof. du Plessis is ten gunste van oriëntering "mits dit in 'n goeie gees aangepak word".

Hy beklemtoon dat dit 'n positiewe en aangename ervaring op menswaardige wyse moet wees.

Hierdeur word die klimaat so ingerig dat die PU 'n aantrekkingskrag word vir nuwe studente.

Mnr. Piet van Maarleveld (Fotokuns), wat jare se ervaring van oriënteringsaksies agter die rug het, het gesê oriëntering moet behou word, maar dit moet 'n positiewe verandering ondergaan. Daar moet geen sprake wees dat dit gaan verdwyn nie, het hy gesê.

Hy het sy standpunt soos volg gemotiveer:

- 'n stroomop matriekleerling moet omvorm word tot student.
- hy moet die sin en karakter van die Universiteit leer ken en verstaan.
- hy moet gedissiplineer word.
- hy moet weet wie die gesag dra en wat dit beteken.
- hy moet sy kampus en mense ken.

Mnr Van Maarleveld het gesê koshuisoriëntering moet plek maak ten gunste van kampusoriëntering. "Die koshuis is 'n verlengstuk van jou ouerhuis. Dit is jou woonplek en oriëntering word gewoonlik 'n probleem omdat ongerymdhede hier ontstaan. Dit moet veel eerder op die kampus plaasvind."

Hy sê studente kan die Studentesentrum ideaal vir hierdie doel gebruik.


Die ontheffing ná die oriëntering in die eerste twee weke moet as finaal beskou word, het die voorsitter van die SSR, mnr. Jan-Louis du Plooy, gesê.

'n Uitgerekte tydperk tot met die einde van die jaar bied net ruimte vir onsekerheid en probleme wat onnodig is.

Studente kan gerus begin met nuwe idees en metodes om die oriëntering "'n nuwe gedaante te gee". Die voorstelle bussie is tot almal se beskikking.



*Oriëntering só in jou woonplek of weer op die kampus?*



*Prof. J.S. du Plessis.*



*Mnr. Jan-Louis du Plooy.*

## Kopiëer-masjiene in biblioteek

GERUGTE dat die foto-kopiëermasjiene uit die biblioteek gaan verdwyn, is ongegrond.

Die biblioteek het 'n kontrak met 'n firma gesluit wat die masjiene verskaf en dit in stand hou.

Hulle is wel deeglik bewus van klagtes omtrent die masjiene wat gereeld buite werking is. Alle klagtes word na die firma verwys, maar hulle ondervind probleme om met herstelwerk voor te bly.

## Braaivleis by studentesentrum

**Daar sal nou elke Sondag 'n braaivleis by die Studentesentrum gehou word.**

Hierdie reëling is reeds die afgelope twee Sondae in werking en word by die braaivleishoekie agter die dameskroeg gehou. Die vure sal deur die personeel gemaak word en studente kan hulle eie vleis braai. Daar sal ook gratis pap, slaai en sous verskaf word, en 'n groot verskeidenheid vleis is by die kafeteria te koop.

**Gratis Wapaaie is nou by die Kafeteria in die Studentesentrum beskikbaar vir alle Dorpstudente.**

**Indien Dorpstudente egter seker wil maak dat hulle dit ontvang, kan hulle met die verspreidingsredakteur, Danie van Dyk reël en dit Vrydae by die Wapad-kantoor kom afhaal of R3,00 betaal om versendingskoste te dek.**

## Akademie boikot aktueel

**Die Aktueel Puk-verlaterskamp, wat gedurende die naweek van 28 tot 30 September gehou sou word, is afgestel en sal nie meer in die jaar aangebied word nie.**

Volgens mej. Adi de Wet van Aktueel is die redes vir die stap die finale toetsreeks wat nou aan die gang is, bloktyd wat op hande is, en die koshuisdinees wat tydens dié naweek gehou word. Sy stel dit egter baie duidelik dat Puk-verlaterskampe wel in die toekoms aangebied word, maar heelwat vroeër in die jaar sodat daar nie weer botsings sal opduik nie.

Aktueel sal poog om die onderwerpe wat op die kamp bespreek sou word in Die Wapad te plaas, om sodoende kontinuïteit van die Aktueelkampe te behou.

## Nominasies

Nominasies vir die vakante pos van Fakulteitsvoorsitter van Lettere en Wysbegeerte word nou ingewag. Die nominasies moet voor Woensdag 26 September om 13h00 in bussie 135 geplaas word. Die aanstelling van 'n Fakulteitsvoorsitter is noodsaaklik vir die voortgang van die stelsel van klasverteenwoordiging.

## PU gee vir Tuisland



*Mej. Erna du Toit oorhandig van die boeke aan die voorsitter mnr. Simon Skosana.*

**Op Maandag 17 September, is skoolboeke wat deur die Volkekunde en Ontwikkelingsadministrasie-studente ingesamel is, in die studentesentrum aan die Gebiedsowerheid van die Suid-Ndebele Tuisland, naby Groblerdal, oorhandig.**

Die studente en personeel van die Departement Volkekunde en Ontwikkelingsadministrasie, het in Junie vanjaar 'n besoek aan die Ndebele-gebied gebring. Tydens 'n besoek aan een van die skole in dié gebied, het mnr. Mahlangu gesê daar is 'n nuwe biblioteek gebou, maar daar is geen boeke nie.

'n Hulpprojek is van stapel gestuur. Studente van bogenoemde departemente het boeke hier plaaslik by skole en privaat instansies verkry. Mej. Erna du Toit van die Volkekunde Studentekomitee, het die boeke aan mnr. Simon Skosana, voorsitter van die Ndebele Uitvoerende Komitee, oorhandig.

Die oorhandiging het in die Restaurant van die Studentesentrum plaasgevind. Die voorsitter, mnr Skosana, en vyf lede van die Ndebele Uitvoerende Komitee is op 'n vingerete onthaal. Die verrigtinge is bygewoon deur die Rektor, dosente van die betrokke departemente en klasverteenwoordigers van die klasse wat gemoeid was met die insameling van die boeke.

Die Rektor het die verrigtinge met 'n toespraak geopen. Hy het gesê die Studente-Gemeenskapsdiens is 'n Ondersteunersgemeenskap, wat nie slegs hulp aan hul medestudente wil verleen nie, maar ook aan hul swart bure.

Mnr. Simon Skosana het die studente bedank vir hul besoek aan Ndebele, en sy dank uitgespreek vir die donasie van die boeke.

## Klasvrystelling is verby

- Die Senaat het besluit dat vanaf 1980 geen student meer toegelaat sal word om 'n vak op die ou bywoning te sleep of op die ou jaarpunt eksamen te skryf nie. Met ander woorde, as 'n student 'n vak sak en hy/sy wil met daardie vak voortgaan, dan moet in die nuwe jaar volledig klasse bygewoon en toetse en eksamen geskryf word.

Van hierdie reëling sal alleen afgewyk word op skriftelike versoek van studente wat slegs een of twee vakke kort vir die graad/diploma en wat nie voltyds na die Universiteit kan terugkeer nie.

Vanaf 1981 skakel die Universiteit oor na 'n semesterstelsel — die stelsel word nog volledig beplan maar studente sal vroegtydig kennis kry hiervan.

In 1980 sal alle studente op een dag, naamlik Dinsdag, 5 Februarie 1980 inskryf. Reëlings in dié verband sal saam met die eksamenuitslae bekendgemaak word.

Die administrasie maak staat op die samewerking van **alle student** sodat sake vir almal so spoedig en gerieflik moontlik afgehandel kan word.

## Akademiese raad lei op

**Die Akademiese Raad bied op Saterdag 22 September 'n opleidingskursus vir die nuwe bestuurslede van die onderliggame van die Raad aan.**

Die kursuslede sal verdeel word in twee groepe. Die voorsitters, ondervoorsitters, en addisionele lede sal een groep vorm, en die sekretaresses en penningmeesters 'n ander. Die aanbieders sal die bestuurslede van die Akademiese Raad wees. Hulle sal poog om die nuwe bestuurslede van die onderliggame vir hulle taak op te lei.

Die opleiding begin om 08h00 en mnr. Nic Lemmer, voorsitter van die Akademiese Raad, verwag dat dit reeds om 12h00 afgehandel sal wees.

## Alabama ontbind

**Die Alabama-studentegeselskap het verlede Saterdagaand, 8 September 1979, hulle laaste vertoning gelewer en ontbind nou amptelik.**

Die twee regisseurs verlaat beide die geselskap.

Louis van Rensburg gaan vir sy Honneurs in musiek aan die Burkley College of Music in Boston, studeer. Johan van Rensburg verlaat nie die PU nie maar beplan om sy aandag voltyds aan die departement Elektroniese Musiek te wy. Beide is al baie jare by die Alabama betrokke: Johan sedert 1962 en Louis sedert 1967. Die geselskap is absoluut positief vir harde werk om te sorg dat die puik standaard wat hulle nou bereik het dieselfde bly. Die datum vir hulle volgende optrede is nog nie vasgestel nie, maar daar word wel 'n Julie-toer vir volgende jaar beplan.

GELD
BINNE LOOPAFSTAND VAN U AF
**VOLKSKAS (BEPERK)**
**TOMSTRAAT 98**
**TELEFOON 4237**
ARBEIDSAAMHEID

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

# POPPIE SWERF SUKSESVOL

—Johan Myburg—

**Die roman, "Die Swerfjare van Poppie Nongena" deur Elsa Joubert, is Vrydagaand 14 September in verwerkte vorm deur SUKOVS aangebied. Die regisseuse was Sandra Kotzé.**

Die aanbieding was puik, en het verklaar waarom dié produksie van SUKOVS wye reaksie ontlok het en populariteit geniet. Die verwerking is verantwoordelik gedoen — soms was daar egter spronge in die herhaalgang wat die toeskouer wat nie die boek gelees het nie, kon verwar. Stone het skielik net sy verskyning in die Kaap gemaak, sonder dat verduidelik is hoe hy daar gekom het.

Die sang was gepas en nie aanhoudend nie. Soms het die sang juis gehelp om 'n spesifieke atmosfeer te skep. Die afwesigheid van 'n pouse was uiters funksioneel en het die atmosfeer deurgaans behou.

Anita de Jager as Poppie was uiters geslaagd. Sy het die karakter nie slegs vertolk nie, maar 'n mens het die indruk gekry dat sy die karakter is. Sy het egter op 'n paar plekke oorspeel, daar Poppie meer 'n gelate en berustende figuur is.

Die ander ses spelers het 'n ewe groot aandeel in die sukses van die aanbieding gehad. Hulle het hul goed van hul taak gekwyt deur meer as een rol per persoon te vertolk.

Miskien lê die antwoord op die vraag waarom dié produksie van Poppie Nongena so wyd in aanvraag is aldus Sandra Kotzé" in die feit dat ons vir die eerste keer werklik kennis maak met die stedelike swartmense en hulle leefwyse en probleme. En omdat dit so objektief maar tog sensitief-persoonlik vertel word, is dit vir beide die leser en die toeskouer 'n ontroerende ervaring."

Elsa Joubert het die CNA-prys, die W.A. Hofmeyr-prys en die Luyt-toekenning ontvang vir dié roman.



*Die Potchefstroomse Universiteitskoor onder leiding van Awie van Wyk.*

# McClachlan loof Universiteitskoor

—Neels Schutte

**Vir die eerste keer in die geskiedenis het 'n kortfees deel uitgemaak van die ASB se Kuesta kunsfees. Die kore wat deelgeneem het was die universiteitskore van Pretoria, die RAU, Potchefstroom en die Vrystaat en die koor van UKP. Die koorfees het op 15 September te Bloemfontein plaasgevind.**

Deur die loop van die dag het elk van die kore 'n program van sowat veertig minute gelewer. Die gehoor was die lede van die ander kore en die drie befaamde beoordelaars: proff. Philip McClachlan, Gawie Cilliers en mnr. Dirkie de Villiers.

Die dag is gekenmerk deur die geesdriftige applous waarmee die kore mekaar toegejuig het. Die repliek van die beoordelaars was uiters lofryk en komende van hierdie koorpioniers, het dit 'n kennelike gees van vreugde en opwinding in die Odeion geskep.

In sy kommentaar op die uitvoering van die Potchefstroomse Universiteitskoor, het prof. McClachlan feitlik slegs waardering uitgespreek. Hy was beïndruk met die ongekende kwaliteit van die intonasie, ensemble en ritme van dié Universiteitskoor. "Die suide sal hulle sokkies moet optrek," het hy gesê. Dit is verreweg die grootste kompliment wat die Potchefstroomse Universiteitskoor nog gekry het.

Die leier van die koor, mnr Awie van Wyk, is deur prof. McClachlan geloof vir sy uitstekende en spraakelende hantering van die koor.

Die aand het 'n kooruitvoering in die Callie Humansentrum plaasgevind. Dit het bestaan uit 'n program wat saamgestel is deur elke koor. Die geleentheid is afgesluit met 'n gesamentlike uitvoering van twee werke van Scarlatti en Gallus.

Ná afloop van 'n dinee het die Transvaalse kore by Maselspoort oornag, waar Pukke, Raukies, Norre en Tukkies tot drie uur die geleentheid gevier het.

Die grootste ervaring vir die aanwesiges was die teenwoordigheid van prof. Philip McClachlan. As blyk van waardering vir hierdie onbetwiste doyen van 'n koormusiek in Suid-Afrika, is "Oom Flip" voor sy vertrek staande toegejuig deur die sowat driehonderd koorlede.

In 'n afskeidswoord het prof. McClachlan sy oortuiging uitgespreek dat die tradisie van universiteitskore steeds sterker sal word in Suid-Afrika "lank nadat ek en prof. Gawie Cilliers en Dirkie de Villiers begrawe is," het hy gesê.

# "'n Aand in Parys"

—Susanna Greyling—

**Die departement Spraakleer en Drama se pas afgelope Skemervonkel, wat uit liedere van Edith Piaff, Jacques Brell en Charles Aznavour, bestaan het, het die gepaste naam "'n Aand in Parys" gehad.**

Die aand is onder leiding van Pieter Oberholzer aangebied. Dit was veral Suzette se vertolking van Piaff se "Milord", wat gehelp het om die regte atmosfeer te skep. Pieter se "La valse a mille temps" of te wel "Carousel" is baie goed ontvang.

Die gesamentlike vertolking van "Ne me quite pas" (If you go away) is besonder gevoelvol vertolk en Tom Hoffman se ghitaarspel het dit goed afgerond.

Die musiekregisseuse, Christa Steyn, het klavier gespeel en haar uitstekend van haar taak gekwyt. Santjie Badenhorst het kontrabas gespeel, en Wiegerd Tromp trekklavier.

Die skakeling tussen liedere is in Frans deur Gert Erasmus gedoen, en Maggie Olivier het as tolk opgetree.

"'n Aand in Parys" is in die klein sitkamer van die studentesentrum aangebied. Die gemaklike stoele, dun snytjies Franse brood en glasies rooiwyn het daartoe bygedra om die atmosfeer van 'n klub of straatkafeetjie in Parys te skep. Daar kan egter in verdere opvoerings meer gebruik gemaak word van die gesellige atmosfeer van die lokaal. Die gebruik van mikrofone kan moontlik beperk word.

# Nuwe bestuur van die SAKV

**Mnr. Nardus Conradie is tydens 'n vergadering van die SAKV (W.Tvl) op 7 September 1979 as voorsitter verkies. Dit het met die opening van die uitstalling van Jean Lurcat saamgeval.**

Die res van die bestuur sien soos volg daar uit: Prof. Muller Ballot (onder-voorsitter), Mnr. Arie Kuijers (sekretaris), en Prof. A. Sorgdrager (penningmeester).

Prof. P.W. Buys, mev. Mione du Toit, en mnr. Natie van Vuuren is as addisionele lede verkies.


## Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al.
Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste op Potch. Lombardstraat 42.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**RIETSKRAAL**
Verslank met Shape teen slegs R3,00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 88. Tel. 5943.

**JEANS DENIM DEN**
Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakieklere en Lee's koortfluweelskeppings in Potch teen die billikste pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry, want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4. JAYS UITRUSTERS. Tel. 8791. Indiërsentrum.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Adres: Kerkstraat 77. Kom besoek ons op kantoor tel. 7960. Na-ure 24574.

**NAMIBIA: AFRICA'S HARSH PARADISE**
Hierdie boek van Anthony Bannister en Peter Johnson te koop teen R16,50 (Winkelprys R20,75). Kontak De Wet du Plessis by die WAPAD.

**LOMP EN DOM** met seminare en tikwerk? Skakel mev. Laubshcer by tel: 21232, Kruisstr. 136 vir vinnige tikwerk en billike tarief.

**CERTAIN T SHIRTS**
**HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS**
4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863


# Van Heerden stal uit op PU

—Johan Myburg—

**Die uitstalling van werke van die jong kunstenaar, Louis van Heerden, is op 18 September deur die president van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, prof. Muller Ballot, geopen.**

Louis van Heerden is reeds vir ongeveer een jaar 'n voltydse skilder, en woon tans in Johannesburg. Hy was voorheen kunsonderwyser by die Pretoria Boys' High School, waar Walter Battiss en Larry Scully ook onderwysers was. Van Heerden is 'n baie aktiewe lid van die SAKV en is op die oomblik vise-voorsitter van die Suid Transvaalse tak.

Onderwerpe wat Louis van Heerden in die verlede in sy werke uitgebring het, was veral blomstudies en stillewes. Op die huidige uitstalling is nuwe rigtings in sy werk te bespeur, naamlik meer figuurstudies en abstrakte werke.

Lig figureer ook sterk in die skilderye, daar hy 'n figuur voor 'n venster skilder met lig daaromheen. Die stillewes kry as gevolg van die lig-effek 'n amper impressionistiese karakter.

Van Heerden het reeds verskeie eenmanstentoonstellings gehou. Van sy werke is op die Grand Prix International d'Art Contemporain de Monte-Carlo, uitgestal.

By die opening van die uitstalling in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit-gebou, het Sonate no. 16 in F-majeur van Haydn uitgevoer.

Die uitstalling duur tot 28 September en kan daagliks gedurende kantoorure en saans besoek word.


**TROU IN GOIINGSAK — WATWOU;**

Daar is 'n wonderlike trourok by Annemarie wat jy kan huur of laat maak by telefoon 5501 Parys.

# PU-landskap stimuleer studentelewe

**Die owerhede het die hulp van landskapargitekte ingeroep om 'n meer ordelike atmosfeer te skep waarbinne akademiese en sosiale aktiwiteite kan plaasvind.**

Die doel van die beplanning is om die omgewing só aan te pas dat dit die normale studentelewe sal stimuleer en die verskeidenheid argitektoniese strukture sal saambind. Die landskap moet vryvloeiend wees, en die indruk skep dat die kampus primêr 'n leefplek is.

'n Ringpad en parkeerruimte word rondom die kampus beplan. Geen parkering sal in die oop ruimtes tussen die geboue toegelaat word nie. Daar sal 1 300 parkeerplekke beskikbaar wees.

Bestaande bome en struike sal behou word. Alles op die kampus sal om die voetganger en fietsryer draai. Die voetpaaie sal sowat twee-en-'n half meter breed wees. Fietsstaanplekke sal op strategiese plekke aangebring word. Priële sal gebruik word, en beligting sal funksioneel aangewend word om roetes aan te dui.


Stormwaterdreinering op die oppervlak word in die landskapontwikkeling ingesluit. Voetpaaie sal breed genoeg wees om noodvoertuie te akkommodeer. Die bou van nog 'n duikweg sal in die toekoms oorweeg word.

Die gebied suid van die duikweg sal eerste aandag geniet, aangesien die bouery voorlopig afgehandel is. Daarna sal die gebied tussen die studentesentrum en die duikweg aandag geniet omdat dit in die toekoms groot studenteverkeer sal dra. Die gebied óm die nuwe Dierkunde- en Biologiegebou sal ook onmiddellik opgeruim word. Die ontwikkeling daarvan sal afhang van die geboue wat daar opgerig gaan word.

Later sal aandag geskenk word aan die gebied voor die hoofgebou, die diensgeboue, en die gebied om Caput en Hombré.



*Hier oorhandig Cois Harman Korps se nuutste boek aan dr. Paschke.*



*Die basisplan vir die landskapsontwikkelinge op die PU.*



*Van regs na links by die ingebruikneming van die nuwe IBC-sentrum. Prof. Tjaart van der Walt, prof Elaine Botha, prof Bennie van der Walt.*

# CHO WERK INTERNASIONAAL

**Hoewel die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (IBC) betreklik onlangs gestig is moet be perkte middele, het dit reeds 'n baken vir Calvinistiese denke geword.**

Vandag besit die IBC 'n eie sentrum te Joostestraat 21, wat die afgelope week amptelik in gebruik geneem is, met 'n voltydse direkteur en drie sekretaresses.

Verskeie navorsers neem deel aan die huidige navorsingsprojekte en talle skrywers werk mee aan nie minder nie as vyf verskillende reekse IBC-publikasies.

### DOEL:

Benewens navorsing oor die sestiende eeuse Europese reformasie en die Calvinisme in Suid-Afrika, stel die IBC hom veral ten doel om die Calvinistiese lewensbeskouing deur publikasies uit te dra. Publikasies oor die moderne reformatoriese denke word ook uitgegee.

Omdat die Calvinisme glo dat God op alle terreine gedien moet word, handel hierdie publikasies oor alle moontlike denkbare onderwerpe. Dit word gedoen uit 'n bepaalde gesigshoek: **sola Scriptura** — volgens die Skrif alleen; **sola fide** — volgens geloof alleen; en **soli Dei gloria** — tot God alleen die eer.

### ADMINISTRASIE

Die IBC word beheer deur 'n Raad waarop die volgende instansies verteenwoordig word: die Raad van die PU, al die fakulteite van die Universiteit, die departemente Wysbegeerte en Wetenskapsleer, die Afrikaanse Calvinistiese Beweging en die Koers-vereniging.

### PUBLIKASIES EN NAVORSING

Die IBC is verantwoordelik vir minstens vyf reekse. Vier hiervan is wetenskaplik van aard. Die vyfde is in populêre taal geskryf sodat 'n breë publiek dit kan volg. Dit is die bekende IBC-studiestukke wat gratis aan meer as 6 000 lesers per maand versend word.

Die studiestukke wat tussen 15 tot 25 bladsye beslaan, handel oor 'n wye reeks aktuele onderwerpe wat uit 'n Calvinisties-Skriftuurlike gesigspunt behandel word deur 'n deskundige op die betrokke gebied. Drie van die twaalf uitgawes per jaar verskyn in Engels.

Bibliografiese navorsing oor Calviniana asook navorsing oor die inslag van die Calvinisme op die Suid-Afrikaanse samelewing word gedoen.

Die IBC reël ook van tyd tot tyd konferensies en seminare en was in 1975 gasheer vir die Eerste Internasionale Konferensie vir Christelike Hoër Onderwys wat in Potchefstroom gehou is.

Die moontlikheid word op die oomblik ondersoek om 'n CHO-konferensie vir die Derde Wêreld of net vir Afrika te reël sodat aan hulle spesifieke behoeftes in dié verband aandag gegee kan word.

### INTERNASIONALE KLARINGSHUIS

Op die eerste Internasionale Konferensie vir Christelike Hoër Onderwys in Potchefstroom is versoek dat die IBC 'n Klaringshuis stig en behartig. Op die tweede Internasionale Konferensie op Grand Rapids is die IBC versoek om die Internasionale Klaringshuis nog drie of vier jaar lank te behartig.

Die doel van die Klaringshuis is om internasionale kontakte aan te knoop en uit te bou met instellings soos universiteite, kolleges, teologiese skole, institute en 'n verskeidenheid organisasies en individue wat op die een of ander manier 'n reformatoriese beoefening van die wetenskap as doel het.

Nuus, prestasies en publikasies oor en van dié instellings en mense oor die hele wêreld word versamel en deur middel van 'n kwartaalblad, die Circular, gratis onder meer as 1 200 lesers in meer as vyftig lande versprei.

Op hierdie en ander maniere wil die Klaringshuis kontinuïteit behou tussen die driejaarlikse Internasionale Konferensies. Verder wil dit 'n akademiese gemeenskap tussen Christenwetenskaplikes in die verskillende vakgebiede bou.

# Belangrike Aankondiging

**Met die oog op die naderende eksamens word 'n paar sakies onder die aandag van die studente gebring:**

- Die eksamentydperk strek van 22 Oktober 1979 tot 24 November 1979. Gedurende die tydperk kan studente ook opgeroep word vir mondelinge eksamens. Kennisgewing hiervan word op die hoofkennisgewingbord agter die Administrasiegebou geplaas en studente moet die kennisgewingbord dophou.
- Die toelatingsyfer tot die eksamen is 'n jaarpunt van 40%. Dosente sal die jaarpunte aan die studente bekendstel by die laaste klasgeleentheid. Hulle sal ook diegene wat nie tot die eksamen toegelaat word nie dienooreenkomstig verwittig.
- Studente word vriendelik versoek om sowat 10 minute voor 'n sessie begin, reeds by die lokaal te wees sodat die eksamen stiptelik om 08h00 of 14h00 kan begin.
- Eksamenskrifte word verskaf — studente hoef dus nie boeke saam te bring na die eksamenlokaal nie.
- Studente moet hulle hou by die eksamenregulasies en oortreding daarvan kan tot skorsing vir 'n jaar of langer lei.
- Die eksamenuitslae sal hopelik teen 10 Desember 1979 aan alle studente gepos word. Uitslae sal nie per telefoon verstrek word nie.
- Elke student moet dadelik weereens sy/haar eksamenrooster kontroleer en seker maak dat alle vakke/vraestelle daarop is **en** dat die regte datums aangeteken is. Die Senaat het besluit dat 'n student wat op die verkeerde tyd/datum vir 'n eksamen opdaag geensins tegemoet gekom sal word nie.

# "Ons vir jou Suid-Afrika"

**Korps het op Donderdagaand 13 September 'n dinee gehou waartydens hulle nuutste boek, "Ons vir jou Suid-Afrika", bekend gestel is.**

Die idee vir die skryf van die boek het vier jaar gelede onder 'n groep studente ontstaan. Hulle is geïnspireer deur hul liefde vir God en hul liefde vir hulle vaderland. Deur hierdie boek wil hulle hul Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing aan hul medestudente oordra.

Volgens dr. Paschke, wat spesiaal van Pretoria gekom het vir die geleentheid en aan wie die boek oorhandig is, kan die boek 'n reuse bydrae tot die weerbaarheid van die kind lewer. Daarom beywer hy hom om die boek in skole te laat voorskryf.

'n Wye veld word deur die boek gedek. Daar word onder andere verwys na burgerskap, lewenswaardes, menseverhoudings en regeringstelsels. Dr. Paschke sê hy wat maandeliks in die veiligheidsraad sien hoe die aanslag teen Suid-Afrika toeneem, is opreg dankbaar vir só 'n boek. Volgens hom is 'n mens weerbaar sodra jy die wil het om weerstand te bied teen die aanslae van buite, sodra jy liefde het vir dit wat jou eie is en sodra jy jou afhanklikheid van jou Skepper besef.

## KORT NUUS

### Hulpprojek

Hulpprojek loods weer die komende vakansie vanaf 23 November tot 5 Desember 'n projek. Hulle beoog om bou- en naaldwerkprojekte in Bophuthatswana van stapel te stuur. Die koste beloop R25,00 en die skietlys sal oop wees van 1 tot 5 Oktober, tussen 1 en 2, langs die Inligtingskantoor.

### Besembosredakteur

Aansoeke word ingewag vir die pos van Besembosredakteur vir 1980. Belangstellendes kan hulle naam en besonderhede voor 27 September in die SSR-lid vir publikasies se posbus gooi. Alle belangstellendes is welkom.

### RADIO-PUK: VAKANTE BETREKKINGS

- Voorsitter-programkeuring
- Ondervoorsitter
- Hoofomroeper
- Hooftegnies
- Gewone omroepers
- Penningmeester
- Sekretaresse
- Diskoteekbestuurder

Aansoeke kan voor of op Maandag in Bus 131 gepos word.

## Aksie CHO Internasionaal

**DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**WORD BEDREIG DEUR DIE ONGELOOF VAN**

- baie van ons eie mense
- 'n goddelose Kommunisme
- 'n geestelike bankrot Weste

**WORD BEVRY DEUR DIE HELDER LIG VAN DIE EVANGELIE**

- op alle lewensterreine te laat skyn
- ook op die gebied van die hoër onderwys te laat deurbreek
- oor die hele wêreld uit te dra.

Dit is 'n gedeelte van een van die biljette wat nou gebruik word om Calvinisme oor die hele wêreld te bevorder.

die WAPAD

# Oriëntering

**Dit is verblydend om te sien dat oriëntering opnuut deur verskillende mense in oënskou geneem word. Die klem val al meer op die bereiking van 'n sinvolle doelstelling met hierdie debatteerbare proses. Die rigting waarin oriëntering gestuur word, is van groot belang. Om hierdie rede moet oriëntering met gesag hanteer en aangebied word. Hoewel die belangrikheid van akademiese oriëntering algaande besef word, bly die vraag nog of dit suksesvol geïmplementeer sal word. In dié verband sou dit veel vrug afwerp indien die aanbevelings en versoeke van die Akademiese Raad ten opsigte van 'n oriënteringsweek, wat hulle self sal behartig, ernstig opgeneem word. Suksesvolle oriëntering sal die ontstellende druipsyfer onder eerstejaars aansienlik laat daal.**

# Terreinbeplanning

**Die beplanning van vloeiende landskap met die oog op beter akademiese en sosiale verkeer, is 'n stap in die regte rigting. Dit lei tot die verbetering van die voorkoms van die kampus in die algemeen, en die uitbou van die PU-beeld in besonder. Beligting en die bou van 'n tweede duikweg behoort eerste prioriteit te geniet. Die koste hieraan verbonde weeg nie op teen die waarde wat daaruit geput kan word nie. Dit is 'n alombekende feit dat min studente om praktiese redes onnodig tyd mors deur met 'n ompad van koshuise soos Caput, Hombré, Kasteel en Wanda deur die bestaande duikweg na hulle klasse of sosiale geleenthede te stap. Dié probleem word nie ondervang deur blote waarskuwings teen die gevaar verbonde aan die direkte oorsteek van die spoorlyn nie. Wanneer menselewens op die spel is, kan hoë onkostes nie as geldige verskoning aanvaar word nie.**




*Met die nuwe heuwels en tuine en bome en paadjies wonder mens hoe dit gaan voel om klas te draf.*

# EKONOMIESE AANSLAG TEEN SUID-AFRIKA

**deur Johan van Schaik**

**Dat daar 'n totale aanslag teen Suid-Afrika is, is nie te betwyfel nie — ook op ekonomiese gebied. "Group Action, latest U.S. master plan aimed at collapsing the South African economy, is a highly professional document — so completely prepared that it makes your blood go cold." (Aida Parker, Secret U.S. War against South Africa, p. 13).**

### Omvang van aanslag

Hierdie aksie is reeds bedrywig in meer as 'n duisend Amerikaanse kerke, samelewingsverbande en arbeidsektore. Die aksie word van stapel gestuur deur die AFSC (American Friends' Service Committee).

In 'n dokument met die titel: "Action Guide on South Africa" word beklemtoon dat die VSA Suid-Afrika se derde grootste handelsvennoot is, dat daar tans ongeveer 400 Amerikaanse maatskappye, met beleggings van ongeveer R1 500 miljoen, in Suid-Afrika werksaam is, en dat die VSA twintig persent van alle buitelandse beleggings in Suid-Afrika besit.

### Modus operandi teen SA

Die dokument behandel in besonderhede hoe simpatiseerders en militante aktiviste, wat plaaslik sowel as nasionaal opereer, die aksieplan kan ondersteun om Suid-Afrika finansieel en ekonomies te wurg. Die organisering en toepassing van 'n aanslag op alle banke en finansies wat skakeling met Suid-Afrika het, hoe om die verkope van die Krugerrand in Amerika te laa skipbreuk ly, aksies teen besighede en beleggingsinstansies wat in Suid-Afrika sake doen, word ook hierin behandel.

### AFSC Ondersteun Internasionalisme

Die AFSC is ondersteuners van die sogenaamde "One World Government" asook die "African Liberation Movement". Vir dié doel het die Ford Foundation 1 340 000 dollar geskenk. Ongeveer 74 instansies het sedert die sestigerjare, met finansiële hulp van die Rockefeller Foundation, tot die AFSC se geledere toegetree.

### Ander organisasies en CIA-betrokkenheid

Die ACOA (American Committee on Africa), met 'n ledetal van 20 000, het 'n groot rol in die volgende gespeel vermindering van chroominvoer uit Rhodesië (na die VSA); die mede finansiering van MPLA en die steun van hierdie organisasie tydens die Angolese oorlog; die beheer van die anti-Suid-Afrikaanse joernaalblad, "Africa Today"; loods 'n aksie om steenkoolinvoer uit Suid-Afrika te stop, en het dit reggekry om werkadvertensies uit Suid-Afrika in Amerikaanse koerante te laat verbied. Twee ander instansies wat aan die ACOA verbonde is, is die "Sameul Rubin Foundation" en die "Worman Foundation", wat beide eur die CIA beheer word.

### Druk op Brittanje en Wes-Euripa

'n Vooraanstaande Londense bankier het die volgende stelling gemaak: "There is absolute, direct unhidden .pressure on Britain to shrink trade with South Africa. The present pressure goes far beyond harassment.

The Carter Administration gives every indication of wishing to precipitate a major decline in South Africa by punitive economic sabotage." (Aida Parker, Secret US War against SA. p. 16). Daarbenewens het Wes-Duitse, Franse en Switserse bankiers erken dat Amerikaanse druk op hulle uitgeoefen word om nie geld aan Suid-Afrika te leen nie.

### Kerke betrokke

Ander belangrike organisasies is: Episcopal Churchman for South Africa. US Catholic Conference, African Studies Association, Task Force on Southern Africa. Verskeie van hierdie instansies word deur die CIA gefinansier, is anti-kapitalisties en anti-blank. Een van die grootste aksies wat deur hulle van stapel gestuur word, is die radikalisering van die Universiteite, ook in Suid-Afrika.

### Amerikaanse handel neem deel

Die volgende kennisgewing kom algemeen op Amerikaanse winkelvensters voor: "We do not deal in apartheid. No Krugerrands sold here." (Aida Parker, US War against SA p. 17).

Hierdie "Offer the dealers a decal for their windows"-aksie word aangemoedig veral deur die buitelandse vleuels van die ANC, PAC (beide kantore in New York) en ander "South African Liberation Groups."

### CIA se aandeel?

'n Onrusbarende feit is dat CIA-lede wat in 1973 in Chili en in 1974 in Portugal en Mosambiek was net voordat hulle onafhanklik geword het, nou in Suid-Afrika opgemerk is. Ek haal die Israelse kommentator, Daniel Droos aan uit die Tel Aviv se dagblad, "Ma'Aviv". "Their appearance in South Africa at this time is not coincidental. It is warming that the American 'nutcracker' is applying pressure, that the United States has begun an active effort to undermine the South African Government".

## Uit die woord

## DIE OORWINNING OOR DIE DROEFHEID

*Ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal Sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. Openb. 21:3,4.*

*Die droefheid kan in hierdie wêreld wel getemper en begrens, maar nie geheel oorwin word nie, omdat ons nie in staat is om die geweldige verskeidenheid van oorsake te oorwin nie. Die wetenskap en die tegniek kan die liggaamlike lyding versag en die dood 'n tyd lank uitstel, maar daar kom 'n oomblik wanneer ook die beste wetenskaplike magteloos is en die stryd gewonne moet gee. Daarom sal die trane aanhou vloei, en smart steeds die aarde bedek. Die kleinste gehuggie het sy kerkhof. In die mees idilliese huisie bly die dood nie uit nie.*

*Die kultuur en die beskawing kan die lewe veraangenaam en dit uiterlik meer leefbaar en menswaardig maak, maar die onreg kan dit nie uitwis nie, omdat harte nie met wetenskap en kultuur en beskawing verander kan word nie. Selfs negentien eeue van Christendom het nie hierdie wêreld in 'n paradys omgeskep nie, omdat die Christene nie veel van die vernuwende krag van die evangelie vertoon as hulle in 'n krisis kom nie, en omdat die enkele Christene wat die vernuwende krag van die evangelie wel verstaan en uitleef, in die praktyk vervolg word (Joh. 15:20, 21). Daarom het Jesus Sy dissipels ook nie onder die wanindruk gelaat dat die Christene so volmaak sal wees dat hierdie wêreld deur Christelike ontwikkeling geleidelik 'n volmaakte wêreld sal word nie.*

*Daarom bly die droefheid, die smart, die klagte oor soveel bederf en ellende óm ons en ín ons. Wanneer God eenmaal saam met ons as Sy volk in werklikheid in die nuwe hemel en op die nuwe aarde kom woon, eers dan sal ons droefheid oorwin wees. Want dan sal alle oorsake van ons ontelbare ellendes verval omdat die diepste oorsaak, naamlik die sonde, oorwin sal wees.*

# Oriëntering in oënskou

**Dameskoshuise: deur Heletje Bezuidenhout en Lynette Swanepoel.**

Die Wapad het onderhoude met die eerstejaars van die tien dameskoshuise op die PU oor hul mening oor oriëntering gevoer. Die onderhoude volg op berigte wat aan die begin van die jaar geplaas is.

**Klawerhof:**
Klawerhof se eerstejaars was van mening dat dit 'n ondervinding is wat hulle bly was om te kan beleef. Hulle besef ook dat 'n mens nie altyd die waarde van oriëntering dadelik kan besef nie.

**Vergeet-my-nie:**
Hulle eerstejaars het gemeen dat hulle tydens oriëntering meer konstruktief besig gehou moet word. Die probleem is opgelos en die eerstejaars van volgende jaar sal 'n groentetuin moet aanlê.

**Wanda:**
Wanda se eerstejaars het gekla oor die feit dat hulle laat in die aande georiënteer is. Hulle sê dat hulle sal sorg dat hul eerstejaars net so swaar soos hulle sal kry, maar hulle sal nie hul frustrasies op die eerstejaars wreek nie.

**Kasteel:**
Kasteel se eerstejaars was van mening dat oriëntering noodsaaklik is, maar dat die "juffrou-sêery" gestaak moet word na die eerste twee weke. Volgens hulle was die oriëntering goed georganiseerd en daar was nie tyd om huis toe te verlang nie.

**Karlien:**
Hulle eerstejaars het saamgestem oor die feit dat oriëntering 'n doel dien in dié opsig dat dit 'n mens baie gouer tuis laat voel op die kampus. Verder het hulle gevoel dat dit 'n groter doel sal dien as die eerstejaars meer as Pukke oriënteer word as lede van spesifieke koshuise.

**Heide:**
Die eerstejaars van Heide het gevoel dat die geskree op die eerstejaars uiters onvroulik is en dat dit die seniors geleentheid gee om hul frustrasies op hulle uit te haal. Hulle voel ook dat die 'Hof van Hades' en die uitgooi van die HK afgestel behoort te word aangesien sommiges die spanning daaraan verbonde nie kan verduur nie.

**Wag-'n-Bietjie:**
Hulle voel ook dat die eerstejaars met iets meer konstruktiefs besig gehou moet word. Al die geskree veroorsaak net dat hulle baie teneergedruk voel en dat die hele oriëntering afgesaag word.

**Oosterhof:**
Oosterhof se eerstejaars meen dat oriëntering iets is wat tydens latere jare vir baie aangename herinneringe sal sorg. Die instelling van oriëntering is goed soos dit is en daar behoort nooit oorweeg te word om dit af te stel nie.

**Kulu:**
Kulu se eerstejaars voel dat, indien die geskree gestaak word, dit die aanpassingsproses baie meer sal vergemaklik. Die seniors moet die eerstejaars ook meer help met hul akademiese oriëntering.

**Dinki:**
Dinki se eerstejaars is direk na die oriëntering onthef. Hulle was van mening dat hulle ook naamplaatjies moes dra om sodoende meer deel te voel van die eerstejaarsgroep. Daar is ook gevoel dat onnodige uitgawes soos dasse uitgeskakel behoort te word aangesien dit nie later weer gebruik kan word nie.

Oor die algemeen was die gevoel onder die eerstejaars dat oriëntering 'n baie positiewe uitwerking kan hê, mits dit nie oordryf word nie.

**Manskoshuise: drue Deon van Huizen en Philip Theunissen.**

Finale ontheffing is iets waarna elke eerstejaar uitsien. Na 'n paar onderhoude met eerstejaars van verskillende manskoshuise het dit duidelik geblyk dat die finale ontheffing te laat in die jaar geskied.

Almal is dit eens dat oriëntering 'n vereiste is om 'n goeie Puk te kan wees. Die dra van dasse vir so 'n lang tydperk was die grootste klagte. Verder is daar ook gekla oor die baie gunsies soos koffie aandra wat nog gereeld gedoen moet word.

**Over-de-Voor:**
Die eerstejaars het gesê dat streng dissipline slegs 'n beter mens van jou maak. Hulle voel egter dat die dra van 'n das en naamplaatjie oorbodig is.

**Caput:**
Die inwoners van Caput voel dat daar reeds 'n goeie verhouding tussen seniors en eerstejaars heers en dat hulle nou maar onthef kan word.

**Klooster:**
Hulle eerstejaars voel dat ontheffing op 'n heel gepaste tydstip gekom het — net voor Intervarsity. Dit het die verhouding tussen seniors en eerstejaars verbeter en 'n beter gees vir Intervarsity geskep.

**Uitspan:**
Uitspan se eerstejaars voel dat die oriëntering geslaagd was in dié opsig dat dit die inburgeringsproses in die koshuis en op die kampus vergemaklik het. Hulle reken dat die eerstejaars wat wil kla die klomp is wat nog verlede jaar in matriek was en dinge nou nie só vind as wat hulle dit wou hê nie.

**Heimat:**
Die eerstejaars van Heimat voel dat oriëntering 'n doel gedien het in dié opsig om hulle suksesvol te laat inskakel en 'n vaste groepsgevoel te laat ontwikkel.

**Thaba-Jäh:**
Aan die begin van die jaar was daar vyftien eerstejaars waarvan daar nou slegs ses oorgebly het. Die rede hiervoor is dat sommige seniors hulle skuldig maak aan drankmisbruik. Hulle voel dat die doel van oriëntering die aanpassing van eerstejaars is. Of dit wel geslaagd was, verskil van persoon tot persoon.

**Hombré:**
Die eerstejaars van Hombré voel dat oriëntering as instelling 'n goeie doel dien, maar dat die finale ontheffing vroeër kan wees.



*In die dae toe eerstejaars nog . . .*

# PU laat presteer

**Die PU vir CHO probeer om van sy kant af te verseker dat die student volgens sy akademiese potensiaal sal presteer.**

Die doel van die Studenteburo is om in die behoeftes van studente op persoonlike, akademiese, sosiale, gesondheids- en organisatoriese vlak, te voorsien.

Die Studenteburo het so pas 'n inligtingsbrosjure uitgegee waarin die verskillende dienste wat aan en deur studente gelewer word, uiteengesit is.

Dienste word deur die volgende instansies gelewer: die Studenteburo, Kampus Mediese Dienste, die Instituut vir Opvoedkundige Dienste en Navorsing, Studentegemeenskapsdiens, die Sentrale Studenteraad en die PU Sportburo.

Die Instituut vir Sielkundige- en Opvoedkundige dienste lewer eerstens diens aan die studente en ook aan skoliere en die breë gemeenskap. Daar word gepoog om die studente met sowel persoonlike as akademiese probleme te help en sodoende gelukkige mense na die beroepswêreld te stuur. Die volgende dienste word aangebied: hulp met loopbaankeuses, studieprobleme en persoonlike probleme sowel as kursusse met die oog op leesversnelling. Verder is daar 'n noodlyndiens wat na-uurs deur vakkundige personeel van die Instituut beman word.

Kampus Mediese Diens verskaf gratis mediese hulp aan alle studente. Die KMD lewer 'n algemene geneeskundige nood- en verwysingsdiens, mediese noodbehandeling van sportbeserings en 'n fisioterapeutiese diens.

# Nog idees vir Sentrum

**'n Buite-kafeteria, braaivleis op Sondae, groot opvoerings in die ouditorium en moontlik verdere uitstallings is die groot dinge wat die Direkteur van die Studentesentrum, mnr. Hans van Zyl, vir studente in gedagte het.**

Nog 'n idee wat mnr. Van Zyl het, is 'n droogskoonmaakdepot in die Sentrum. Die kaal mure sal binnekort met skilderye versier word.

'n Glasveseldak vir die amfiteater is in die stadium nog net 'n groot droom.

Volgens mnr. Van Zyl is die sentrum 'n groot sukses. Daar was al baie geslaagde opvoerings, soos Alabama, PU-Kaners, Thalia en verskeie ander kunstenaars.

'n Geslaagde kunsuitstalling van Jean Lurgat ter waarde van R360 000 en die suksesvolle onthale bevestig maar net die sukses van die studentesentrum, sê mnr. Van Zyl.




LEPEL IN DIE DAK STEEK?

Ruk u reg met Super Sixty




Herwin u energie, fut en lus vir die lewe met Super Sixty – die nie-sintetiese gesondheidstabule, vol van liggaamlike heilsaamheid. Elke Super Sixty tabule bevat kragtige Vitamien E plus 59 ander noodsaaklike vitamiene, spoorelemente en aminosure. Super Sixty is geformuleer in 'n groentekonsentraatbasis van pietersielie, seldery, prei, kelp (seewier) roosbottel, sitrusbioflavonoïde, melasse, torula-gis en lesitien – 'n Volkome gebalanseerde samestelling.


Moenie afgerem raak nie- laat Super Sixty in u dieet vervang wat moderne tegnologie daaruit haal – Vitamiene, die bron van lewenskrag.

'n Gehalteproduk van
NATURMADE
ons dra u gesondheid op die hart.

SUPER SIXTY is by alle apteke op Potchefstroom verkrygbaar.




# UITLEK-PLEK


Christa de Jager — Heimat.


André Scholtz — Liberalia.


Naomi Davel — Karlien.



Vivian Louw — Kasteel.


Karel Kruger — Makouvlei.



Arthur Boesai — Thaba-jah.


Ria Steenberg — Kulu.



Amanda Evenst — Oosterhof.



Piet Vermeulen — Hombré.


Bella Pretorius — Heide.


Barend Kirsten — Oppikant.


Jeanne Botha — Wag-'n-bietjie.


Johan Coetzee — Villagers.


Fielies Kotze — Uitspan.


Loelie Theron — Wanda.



Hanlie Prinsloo — Dinki.


Tommie Hoffman — Overs.


Donnie Reitz — Amajuba


Mossie Potgieter — Klooster.


Vendrie Oosthuizen — Klawerhof.


Joggie van Staaden — Caput.


Mariska Spoormaker — Vergeet-my-nie.

UIT NO. 13

## Die Afrikaner in die kultuurstad

VAN DIE AFRIKANER kan gesê word dat hy die stryd verstaan om selfhandhawing en selfbehoud. Stryd wat duidelik afmetings aangeneem het toe die vorige geslag in die twintigerjare van hierdie eeu hul grond en erfenis moes verlaat om 'n ander heenkome te vind in die stad ter wille van voortbestaan. Tereg merk prof. F.A. van Jaarsveld (UP) op in sy bydrae tot die boek: „Die kultuurontplooiing van die Afrikaner": „Die grootste enkele faktor wat die Afrikaner se lewenswyse, lewens- en wêreldbeskouing, aard en karakter . . . verander het, was dat hulle die twintigste eeu arm en verneder moes binnegaan, onvoorbereid op die skielike oorskakeling van 'n pastorale self-onderhoudende ekonomie na 'n kapitalistiese geldekonomie. Dit is hierdie verstedeliking wat dr. D.F. Malan in 1938 sou noem ‚Die nuwe groter trek'".

Te midde van 'n sterk minderwaardigheidsgevoel en 'n wêreld waarin hy polities in-opposisie was, homself vreemd gevoel het en tegelyk gehaat het maar noodwendig ook moes liefhê. Het die Afrikaner die stad begin oorwin. Hy het 'n knou gekry, gevoel hy is van sy erfenis beroof en was hipersensitief met 'n gebrek aan humor ten koste van homself omdat hy nooit wou besef dat, soos D.J. Opperman dit stel, elke mens en elke volk sy boggel het nie. Sy naelstring was so sterk aan die aarde gekoppel dat hy hom nooit sal losmaak van sy historiese geworpenheid nie.

'n Nuwe geslag Afrikaners het hom egter na vore gedoen. Dit sou die eerste geslag volbloed stadsafrikaner wees met nuwe eienskappe en ideale. Dit is van hierdie geslag Afrikaners wat prof. Johan Heyns (UP) in die Huisgenoot van 18 Februarie 1972 opmerk dat „Hulle anders dink, anders praat en anders aantrek. Hulle is konserwatistiese en progressiwistiese mense. Dié geslag Afrikaners toon 'n groter soepelheid en openheid in sy denke en handeling". Prof. F.A. van Jaarsveld noem dit die „stryd . . . tussen die tradisionele isolasionistiese Afrikanerdom en die ‚uitwaarts' bewegende groep". Begrippe wat moeilik uit die volksmond geweer sou word is aan die twee groepe toegeken deur dr. W.J. de Klerk in 1966 nl. „verkramp" en „verlig". In die Transvaler van 8 April 1975 noem hy verder dat daar by die (nuwe geslag) Afrikaners 'n groot behoefte bestaan om 'n groot suiwering van tradisionele rommel wat die stedelike Afrikaners met hulle saamneem". Selfs dr. A.P. Treurnicht sou op 'n VCHO-Kongres in Bloemfontein wys op wat hy genoem het „Die verwatering van die Afrikaners se Christelike lewensstyl . . ., die dampkring van permissiwiteit wat hom omring en die gevaar van losser sosiale bindinge". Hiermee saam kan die steeds groeiende materialisme onder die Afrikaners as 'n verdere bydrae gesien word tot die kultuurverarming en selfs akulturasie by die Afrikaner.

Prof. P.G. Nel (UP) staan skepties teenoor die toekoms. „Tensy daar 'n geweldige opstand na vore kom, 'n konflik wat latente kragte en magte sal ontketen wat noodsaaklik is vir oorlewing, sal die jare 1980 bekend staan as die neoneo romantiek waar die mens iewers sal sit en droom van die mooi dae en 'n romantiese toekoms uitdroom en hedonisties homself verlustig in dit wat die moderne lewe hom bied". Vir prof. Nel lê die probleem daarin dat die Afrikaners se kultuur 'n masale konsumpsie kultuur geword het.

Hoeveel mense is vandag bereid om werklikhede onder oë te neem oor die kulturele toekoms van die Afrikaner? Ek glo dat die Afrikaner se geestelike en kulturele leiers sowel as Afrikanerkultuurorganisasies meer as ooit in die verlede nugtere leiding sal moet gee sodat die Afrikaner tesame met daadwerklike pogings diepere waarde kan heg aan sy geestesgoedere, sy sosiale verbindinge, om skeppend, draend en verbredend met sy kultuur om te gaan, progressiwisties te leef met die goeie uit die verlede as rigsnoer en die besef van wat dit beteken om te glo in jou God, in jou volk en in jouself. Die Afrikaner sal voor die toets te staan kom en dit sal bewys of hy nie miskien sy verstedeliking wel oorleef het maar homself in die proses verloor het nie.

## Fotostaat bring frustrasie

Die Redakteur

Na 'n dag van vele frustrasies in die biblioteek wend ek my maar tot 'n brief.

Daar is ongeveer ses fotostaatmasjiene in die bib wat altyd werk . . net as ek hulle nie wil gebruik nie. Saterdagoggend wou ek net ongeveer vyf bladsye uit 'n gereserveerde boek fotostateer. Ongelukkig was net een van die masjiene in 'n werkende toestand, en moes ek in die tou staan en my beurt afwag. Nadat ek 'n kwartier in die tou gestaan het, moes ek en die vyf mense voor my, sowel as die drie mense agter my omdraai, aangesien die masjien se geldhouer vol geraak het en daar niemand was om dit leeg te maak nie.

Nou wonder ek maar net of die bib-mense nie weet dat daar sekere mense soos die regsstudente wat baie van die masjiene gebruik moet maak nie en dat die masjiene se papier sal opraak as dit nie volgemaak word nie en dat die geldhouer vol sal raak as dit nie leeggemaak word nie.

Miskien weet hulle dit, maar miskien weet hulle dan nie dat daar studente is wat op Saterdae moet werk nie, want Saterdag was daar niemand om die geldhouer leeg te maak nie.

Ek dog toe maar net of daar nie beter diens by die fotostaatmasjiene gelewer kan word nie.

**Thomas Kruger**

## A word of praise

**Na aanleiding van die volgende brief het die rektor van die PU vir CHO gesê dat hy trots is op die manier waarop die netbaltoerspan van Karlien die PU se naam uitgedra het.**

Dear Professor van der Walt

During the last week of July we were privileged to host a Netball team of 15 women students from Karlien Hostel.

I say "privileged" because it really was a joy to meet such a delightful group of students! In charge of the group were Misses Estée van Zyl and Ronelle Moolman — who carried out their duties charmingly and effectively.

Our Mrs Purkiss, who was in charge of making arrangements for their matches and entertainment during their stay in Durban, spoke very highly of them and said their behaviour on and off the field was exemplary.

Their enthusiasm was infectious — they played, laughed and sang with the various netball teams with whom matches were arranged and created a favourable impression wherever they went.

They were most appreciative of all that was done for them and immediately on their return to Potchefstroom sent our Director, Mr A. Pittendrigh, a warm letter of thanks.

We wanted you to know how much we enjoyed having this group and hope that this will be the forerunner of many annual encounters in the future.

Yours sincerely.

**J.E. Foley**

# UITLEK-PLEK







Mej. Riekie Olivier is 'n nuwe HK-lid van Wag-'n-Bietjie wat later ingelyf is.





Mnr. en mev. Malan tydens 'n geselligheid wat deur die derdejaars gereël is.



'n Oordragsvergadering by Kulu.



Die badkomitee van Wag-'n-Bietjie wat verantwoordelik was vir die inlywing van Riekie Olivier.



Mnr. Jannie Langenhoven het die afgelope week bloeddruktoetse op studente toegepas om te bepaal of hipotensie by studente voorkom. Die instrument en vraelys wat deur mnr. Langenhoven gebruik is, het die verband tussen rook en bloeddruk, sportbeoefening en bloeddruk en massa en bloeddruk, aangetoon. Dit het geblyk dat meer studente lae as hoë bloeddruk het.

## NUUSFLITSE

- Uitlekplek bied aan elke koshuis die geleentheid vir reklame in die nuwe termyn.
- Gerugte dat Uitspan binnekort afgebreek sal word, het groot ontevredenheid onder al 25 inwoners gewek.
- Die dames van Vergeet-my-nie het op 12 September 'n suksesvolle aksie met Hombré gehou. Toutrek, rugby, braaivleis en 'n filmvertoning het onder die hoogtepunte van die dag getel.
- Jan-Louis du Plooy is die tweede SSR-voorsitter wat Uitspan sedert 1973 opgelewer het.
- Naomi Davel, nuwe primaria van Karlien, het haar voorgeneem om die eerstejaars se telefoondiens reg te ruk. Op 'n eerstejaarsvergadering Maandagaand 10 September, is die eerstejaars meegedeel dat hulle vir 'n naweek gehok is.



Uitspanmanne besig met hul jaarlikse slaapsessie.



Jan-Louis du Plooy aan die woord tydens Klawerhof se koshuisvergadering

## FOTO-FLITSE

## Tjort-sê



Tjorts is nou 'n nuwe een. En tog ook nie so nuut nie. Hy is nuut in die koerant, maar oud in die lewe. Hy sê self hy het al op die PU geswot nog voordat Potch bestaan het. En hy is slim ook, want hy het al omtrent alles geswot wat daar te swotte is. Dit is, om nou maar net 'n paar rigtings te noem, B.Comm., B.A., M.A., B.Sc., by Unisa en MPLA by Unita.

Ongelukkig het ek en Tjort eendag aan die gesels geraak. Ek sê ongelukkig, want nou ken ek hom. So gesels-gesels, tot ek hom uitgevra het oor sy familie. In sy eie woorde vertel hy: my familie is baie gelukkig. Dit was nog altyd só. Sien, ek is getroud met 'n weduwee wat 'n mondige dogter het. My pa was 'n wewenaar, en hy raak toe verlief op my stiefdogter en trou met haar. So het hy my skoonseun geword, en my stiefdogter het my ma geword, want sy is die vrou van my pa. My vrou het geboorte gegee aan 'n seun, wat natuurlik my pa se swaer is, maar ook my oom, want hy is die broer van my stiefma. My pa se vrou het ook ma geword van 'n seun, wat toe my broer is, en tegelyk my kleinseun is, want hy is die seun van my dogter.

Gevolglik is my vrou my ouma, want sy is my stiefmoeder se ma. Ek is dus gelyktydig my vrou se man en kleinkind, en die man van iemand se ouma is gewoonlik jou oupa. Ek is die man van my ouma. Dus is ek my eie oupa.

Tjort tot ander keer!


## Nuut op die Bult Tel. 8071

Guys & Dolls-haarsalon tot u diens! Ons bied spesiale pryse aan alle mans- en damestudente vir die sny en droogblaas van kapsels, en wat meer is, ons is kunstenaars op die gebied van sny volgens gesiglyne. Verlang u 'n perm, kan ons u die volgende aanbied teen sub-ekonomiese pryse:



MINI VOGUE vir slegs R11,40
NATURAL STYLE en STYLE FORM R15,70
'n Bietjie duurder, maar tog so elegant, is Perfect Touch, Design, Stag, Coiling en Piggy Back-perms.

**En onthou tog, die sny by 'n perm is heeltemal gratis! Vir spesiale geleenthede, of as u sommer lus voel om bietjie anders te lyk, kom sien ons oor 'n set, of 'n tint, of albei — watwou!**

**GUYS & DOLLS Tel. 8071**




# Japanese Karate Assosiasie

**'n Nuwe styl naamlik J.K.A. of beter bekend as "Japanese Karate Association" word nou vir die studente in die studentesentrum aangebied.**


Hoewel dié 'n nuwe sportsoort vir die PU is, is dit een van die bekendste style in ons land sowel as oorsee. Al die ander universiteite in ons land geniet reeds afrigting in hierdie styl en bekende Springbokke hierin is:

Sensei Stan Schmidt (vyfde dan), ook die hoof van dié styl in Suid-Afrika,
Sensei Ken Wittstock (vyfde dan),
Sensei Norman Robinson (vyfde dan),
Sensei Eddie Dorey (vyfde dan).

Sensei Piet de la Rey (derde dan) van Klerksdorp is aan die hoof van die PU se klub. Sy hulpafrigters is Sensei Jannie de la Rey (tweede dan) en Sempai Fred Smook (eerste dan). Oefentye is Dinsdae en Donderdae vanaf 19h00 tot 20h00 in die Pluimbalbaan.

Jannie de la Rey is tans 'n eerstejaarstudent in regte aan die PU en ook die jongste persoon om ooit in Suid-Afrika sy tweede dan te behaal. Hy spog ook met sy S.A.U.-kleure en is ook 'n junior Springbok.

Alle studente is welkom om by dié klub aan te sluit en die PU is vinnig op pad om een van die beste en sterkste Karateklubs in die land te word. Navrae kan aan Fred Smook by tel. 4371 gedurende kantoorure gerig word.



*Sempai Fred Smook (links) en Sensei Jannie de la Rey (regs), die hulpafrigters van J.K.A. aan die PU.*



*Jim van Zyl en Piet van der Schyff voor die PU se vertoonmuurbalbaan.*

# MUURBALBANE NIE TE KLEIN

**Die nuwe muurbalbane in die Studentesentrum van die Universiteit is nie te klein nie. Hierdie versekering is op navraag deur dr. Piet van der Schyff, president van die PU-Muurbalklub in oorleg met die Direkteur Kampusdienste van die Universiteit, mnr. Simon Geertsema, aan die Herald gegee. Gerugte dat die bane te klein is, is die afgelope tyd op die kampus en in die dorp versprei.**

Die oorsprong van die stories is die feit dat daar aanvanklik slegs vir vier bane in die sentrum voorsiening gemaak is. In 'n herbeplanning is twee addisionele bane toegevoeg en was daar 'n moontlikheid dat hierdie twee bane enkele sentimeters te smal sou wees. Hierdie probleem is egter met die konstruksie van die bane uitgeskakel, het dr. Van der Schyff in die onderhoud gesê.

'n Ander probleem wat na die ingebruikneming van die bane na vore getree het, is dat die verf en selfs stukkies van die pleister deur die geweld van die balletjies beskadig word. Volgens mnr. Geertsema geniet hierdie saak dringende aandag.

Intussen heers daar groot drukte op die bane en is dit in die middae en saans reeds feitlik vol bespreek. Veral die hoofbaan met sy glasmuur en pawiljoenruimte is 'n groot aantrekkingskrag en dit is duidelik dat die spel groot belangstelling uitlok.



*Annette Theron, die enigste Pukdame wat haar muurbalwedstryd tydens die intervarsity teen die Kovsies kon wen. Annette het aan die begin van die jaar die eerstejaarskampioenskap vir dames ingepalm en in die PU-opekampioenskappe kort voor intervarsity het sy die eindronde gehaal, waar sy deur Louise le Roux geklop is. 'n Blink muurbaltoekoms word vir haar voorspel.*

# KOSHUIS-KRIEKET

Over de Voor het in die interkoshuisliga vanaf die begin van die jaar nog nie een van sy drie wedstryde teen Villagers, Dawie Dup en Drakenstein verloor nie. Hulle is die wenners in hul afdeling en sal op Saterdag 29 September die finale wedstryd speel teen die wenner van die wedstryd tussen Caput en Hombré.

# Sportpersoonlikheid

**Christo Snyman (36) is 'n nuwe sportbeampte aan die PU. Hy is sedert die einde van Augustus aangestel en spits hom toe op die afrigting van atlete.**



*Christo Snyman, die nuwe atletiekafrigter aan die PU.*

Christo is glad nie onbekend op die atletiekgebied nie. Hy was al voorheen 'n sportbeampte en afrigter aan die RAU.

Bekende atlete wat alreeds danksy Christo se afrigting sukses op die atletiekbaan behaal het is bekende naellopers Tinus van Wyk en Willie Smit. Yvonne Erasmus, 'n skoolmeisie, het ook afrigting by hom ontvang. Verspringers Johan van der Merwe en Cilliers Botha het ook hul sukses tot dusver aan Christo te danke. Steve Delport en Gawie Malan, bekende paalspringatlete en Lynette Meintjies is ook deur Christo afgerig. Baie van hierdie atlete kom nog weekliks na hom vir afrigting.

Christo spesialiseer op die gebied van afrigting in die naellope, verspring, drie-sprong, hekkies en paalspring. Met só 'n afrigter aan die PU behoort ons gou weer te presteer en groot naam te maak onder die ander universiteite.



*V.l.n.r.: Hugo Pienaar, Charl Botes, Ronell Campher, Bossie Boshof.*

# PU Judoklub

**Op Saterdag 22 September vind die jaarlikse Judo Springbokproewe in Roodepoort plaas. Uit die verskillende deelnemers word dan 'n span saamgestel om aan die einde van die jaar teen die Amerikaners te veg. (Dié jaar vind dit in Suid-Afrika plaas.) Die vier lede van die PU Judoklub wat gaan deelneem, is Bossie Boshoff, Hugo Pienaar, Charl Botes en Ronel Campher. Namens die redaksie wens ons dié vier PUKKE alle sukses toe!**

Aan die einde van die seisoen kan 'n paar hoogtepunte uitgelig word. Bossie Boshoff het die SAU kampioenskappe gewen en Charl Botes het tweede gekom op die SA kampioenskappe, terwyl Ronell Campher 'n besondere prestasie behaal het deur haar eie sowel as die ope gewigsafdelings op die SAU- en op die SA-kampioenskappe te wen. As gevolg van beserings kon die voormalige SA kampioen, Hugo Pienaar, nie soortgelyk presteer nie. Verder het die gesamentlike span derde geëindig tydens die SAU kampioenskappe, wat volgens die voorsitter, mnr. Bossie Boshoff, 'n goeie prestasie is as die vele beserings wat tydens voorbereidingsoefeninge opgedoen is, in aanmerking geneem word.

Uit bogenoemde inligting kan die PU JUDOKLUB tevrede wees met die afgelope aktiwiteite en prestasies van dié jaar.

## SAAMBOU NASIONAAL OORKOEPELENDE KOSHUISLIGA:

## FINALE UITSLAE:

| DAMESKOSHUISE: | MANSKOSHUISE: |
|---|---|
| 1. Wanda 106 | 1. Hombré 143 |
| 2. Karlien 94 | 2. Overs 113 |
| 3. Klawerhof 36 | 3. Caput 112 |
| 4. Vergeet-My-Nie 34 | 4. Villagers 60 |
| 5. Kasteel 33 | 5. Dawie Dup 56 |
| 6. Wag 'n Bietjie 30 | 6. Klooster 47 |
| 7. Heide 29 | 7. Amajuba 26 |
| 8. Oosterhof 28 | 8. Drakenstein 25 |
| 9. Dinki 13 | 9. Oppiekant 12 |
| 10. Kulu 10 | |

Die koshuissportraad wil net aan die onderskeie koshuise baie geluk sê. Dit was 'n puik jaar en 'n goeie fondasie om in die toekoms op te bou. Saambou Nasionaal moet ook bedank word vir sy ruim skenking van R1 000 ter bevordering van koshuissport. Dié prysgeld word om die helfte verdeel vir die mans- en dameskoshuise. Die koshuise wat eerste gekom het sal R225 ontvang, die koshuise wat met 'n tweede plek R175 en die derde plekke sal elk R100 ontvang. Die pryse sal tydens die jaarlikse sportdinee (29 September) oorhandig word.

**• Atletiek**

## INTERKOSHUISLIGA GAAN VOORT

**Die A- en B-ligas is afgehandel en die C- en D-ligas wag nog op finale kragmetings.**

Die volledige puntestand van die B-liga en die totaal van die A- en B-ligas is as volg:

DAMES B-LIGA:

| | |
|---|---|
| Dinki/Kulu | 315 |
| Wanda | 305 |
| Oosterhof | 225 |
| Klawerhof | 215 |
| Karlien | 180 |
| Vergeet-my-nie | 175 |
| Kasteel | 105 |
| Heide | 100 |
| Wag-'n-bietjie | 90 |

MANS B-LIGA:

| | |
|---|---|
| Hombre | 465 |
| Caput | 385 |
| Amajuba | 290 |
| Dawie du Plessis | 275 |
| Over de Voor | 265 |
| Drakenstein | 135 |
| Klooster | 95 |
| Villagers | 80 |
| Oppikant | 55 |

TOTAAL A- EN B-LIGA:

| | |
|---|---|
| Wanda | 345 + 305 = 650 |
| Dinki/Kulu | 330 + 315 = 645 |
| Karlien | 280 + 180 = 460 |
| Oosterhof | 205 + 225 = 430 |
| Vergeet-my-nie | 185 + 175 = 360 |
| Klawerhof | 100 + 215 = 315 |
| Kasteel | 120 + 105 = 225 |
| Wag-'n-bietjie | 130 + 90 = 220 |
| Heide | 80 + 100 = 180 |
| Hombre | 435 + 465 = 900 |
| Caput | 385 + 455 = 840 |
| Amajuba | 360 + 290 = 650 |
| Over-de-Voor | 270 + 265 = 535 |
| Dawie du Plessis | 240 + 275 = 515 |
| Klooster | 350 + 95 = 445 |
| Drakenstein | 195 + 135 = 330 |
| Villagers | 175 + 80 = 255 |
| Oppikant | 110 + 55 = 165 |

1965 Volkswagen Kewer — R450,00 te Parys
Telefoon: Kantoor in Kaapstad 021-978151.
Huis: 0251-21528